*Saterdag* **27 September**

**Skrifgedeelte: Openbaring 1:7-20**
**Fokusgedeelte: Openbaring 1:12, 13a (AFR2020)**

**Die Here van die kerk is midde in sy kerk**

In vers 7 en 8 word bevestig dat Jesus beslis weer sal kom. Met die wederkoms sal dit vir elkeen duidelik wees dat Hy Here is. Selfs die skepping werk mee aan hierdie grootse gebeurtenis wanneer Hy kom met die wolke. Hierdie wete gee vir ons as kerk hoop vir die toekoms, maar wat van nou? Hoe bly ons intussen staande? Verse 9-20 openbaar drie ankers om aan vas te hou:

- *Wie Jesus is* – volg uit die beskrywing van vers 13-16 wat gelyktydig asemrowend en skrikwekkend is. Elkeen van sy kenmerke wat beskryf word, dra ’n besonderse betekenis soos onder andere duidelik word uit Openbaring 2 en 3. Duidelik sigbaar as “iemand soos die Seun van die Mens”, maar duidelik ook soveel meer as net ’n mens. Jesus in sy volle heerlikheid.
- Waar Jesus is – is midde in sy kerk. Ons sien Hom in sy volle heerlikheid midde in sy kerk. Die Een wat sonde, die dood en die duiwel verslaan en Homself daardeur bevestig het as die Here van die heersers – Hy is teenwoordig midde in sy kerk!
- Wat Jesus daar doen – is om sy kerk te bewaar. Hyself beweeg tussen die gemeentes (kandelare) en Hyself hou die voorgangers in die gemeentes (sterre) in sy regterhand. Die kerk universeel bestaan dus, leef dus, in die teenwoordigheid van Jesus Christus, haar Hoof en haar Here.

Die Here bewaar sy kerk deur hier ’n openbaring te gee van wat Hy vir die toekoms bepaal, sodat ons voorbereid kan wees. Die Here bewaar sy kerk deur haar te wys op die slaggate om te vermy sodat ons enduit sal volhard. Die Here bewaar sy kerk deur ons op te roep om Hom bo alles lief te hê (Op. 2.1-7).

Laat ons voluit kerk wees in die sekere wete dat ons steeds en vir altyd in die Here van die kerk se teenwoordigheid is.

*Sing: Skrifberyming 15-2:1-3*
*Ds. BA (Banie) van der Walt (Paarl)*